

# *DIE HEMEL SE HEILIGDOM*



## *DIE HEMEL SE HEILIGDOM*

### *INHOUD*

- |                                       |       |
|---------------------------------------|-------|
| 1. Die hoof sleutel tot Bybelprofesie | p. 3  |
| 2. Die twee heiligdomme               | p. 13 |
| 3. Die ondersoekende oordeel          | p. 23 |
| 4. Met Christus in die heiligdom      | p. 37 |

### *WANDEL DIE PAD MET CHRISTUS*

In hierdie klein boekie wil ons belangrike, indien nie die belangrikste nie, waarhede in die Bybel bekendstel. Hierdie is waarhede wat ons almal moet weet. Dit sal ons lewe en ons verhouding met Christus ten diepste beïnvloed.

Ons het Jesus Christus meer as enigiets anders nodig. Ons het Sy hulp nodig om 'n weg uit ons sonde te vind in 'n hegte, liefdevolle verhouding met ons Skepper. Ons beste pogings is 'n bondel lapwerk. Alles hou aan om uit te rafel. Ons beste voornemens hou aan om aan skerwe te val.

Ons gaan 'n wonderlike versameling van God-gegewe waarhede, wat in die waarheid omtrent die Heiligdom te vinde is, bekyk. Dit is 'n opwindende panorama van feite wat ons moet weet ten einde in staat te wees om hierdie waarheid met andere te deel.

Vorberei deur: dr. *Hans Koen*

Sel: 076 689 9246

e-pos: [stellie.hans@gmail.com](mailto:stellie.hans@gmail.com)

## *DIE HEMEL SE HEILIGDOM*

### *DIE HOOFSEUTEL TOT BYBELPROFESIE DIE LANGSTE BYBELPROFESIE*

Wanneer 'n man 'n huis bou, lê hy eerstens 'n soliede fondament. Daarna begin hy om die huis op te rig. Die fondament vir die studie van historiese profesie is Daniël 2, waar daar vir ons van die groot metaalagtige beeld van goud, silwer, brons, yster en klei vertel word. Hierdie beeld verteenwoordig die koninkryke van Babilon, Mede-Persië, Griekeland, Rome en die tien hoofverdelings van die Romeinse koninkryk, waarvan die meeste tot die moderne nasies van Europa gegroei het. God se koninkryk, wat nog moet kom, was deur 'n groot, bonatuurlike klip, wat al die nasies van die aarde sal beëindig, gesimboliseer.

In Daniël 7 leer ons meer van daardie selfde koninkryke en die tien verdelings wat uit die vierde voortkom. Die tien horings van Daniël 7 stem ooreen met die tien tone van Daniël 2.

Die klein horinkie was die pouslike Roomse mag wat vir 1260 jaar geregeer het, van 538 tot 1798 n.C. Een of ander tyd na 1798 sou God se oordeel begin en Sy koninkryk sou opgerig word.

### *DANIËL AGT BEGIN*

Twee jaar nadat hy die visioen van Daniël 7 ontvang het, het Daniël 'n volgende visioen gehad, wat in Daniël 8 gegee word:

*Ek het naamlik in die gesig gesien - terwyl ek kyk, was ek in die vesting Susan wat in die provinsie Elam lê en ek het in die gesig gesien dat ek my aan die Ulairivier bevind het.*

*En ek het my oë opgeslaan en gesien, en kyk; daar staan 'n ram voor die rivier; en hy het twee horings gehad en die twee horings was hoog, ook was die een hoër as die ander en die hoogste het laaste uitgekom.*

*Ek het die ram sien stoot na die weste en na die noorde en na die suide en al die diere kon voor hom nie standhou nie en daar was niemand wat uit sy mag gered het nie; maar hy het gedoen net wat hy wou en het magtig geword.*  
- Daniël 8:2-4.

In vers 20 word die identiteit van die ram vir ons gegee. Dit was die volgende groot ryk: Mede-Persië. **Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van die Meders en die Perse.**

Soos die Mede-Persiese beer van Daniël 7:5 homself eers aan die een kant opgelig het, so was een van hierdie ram se horings ook hoër as die ander een. Dit dui daarop dat een van die magte van hierdie tweeledige monargie sterker as die ander een sou wees. Maar ons leer hier dat die sterkste een laaste na vore sou kom.

Die Meders was aan die begin die toonaangewende volk. Later het die Perse oorheers en die koninkryk het die Persiese Ryk geword. Persië was oorspronklik 'n klein distrik in Medië, maar sy heerser, Cyrus, het 'n opstand begin en die hele nasie van Medië verower en toe voortgegaan om Babilon te verower.

*Maar baie jare later het 'n stryd tussen hierdie nasie en die een wat hulle opgevolg het, ontstaan: Terwyl ek daarop ag gee, kom daar 'n bokram uit die weste aan oor die oppervlakte van die hele aarde, sonder om aan die grond te raak; en die bok het 'n aansienlike horing tussen sy oë gehad.*

*En hy het na die ram met die twee horings aangekom wat ek voor die rivier sien staan het en hom in die woede van sy krag stormgeloop.*

*En ek het hom gesien hoe hy tot by die ram kom en op hom verbitterd word en die ram stoot en sy twee horings verbreek; en daar was geen krag in die ram om voor hom stand te hou nie, sodat hy hom teen die grond gegooi en hom vertrap het en daar was niemand wat die ram uit sy mag gered het nie.*  
- Daniël 8:5-7.

So het die volgende groot ryk, Griekeland, die mag in die hande gekry. Die Grieke, onder die leierskap van Alexander die Grote, het uit die weste gekom en die Persiese Ryk in die Slag van Arbela in 331 v.C. verower.

**En die harige bok is die koning van Griekeland; en die groot horing wat tussen sy oë was, dit is die eerste koning. - Daniël 8:21.**

Die viervlerkige luiperd van Daniël 7 was vinnig en so was die ram **wat nie die grond geraak het nie**. Albei beskryf Alexander se vinnige spoed in oorwinnings. Maar dan, op die jong ouderdom van 33, het Alexander aan akute alkoholisme gesterf. Daarna, soos ons vroeër gesien het, was die ryk in vier groot dele verdeel.

**Maar toe hy sterk was, het die groot horing afgebreek en vier aansienlike horings het in sy plek uitgekome na die vier windstreke van die hemel. - Daniël 8:8.**

Dit het 22 jaar na Alexander se dood plaasgevind toe, na die Slag van Ipsus (301 v.C.), sy strydende generaals die koninkryk in vier dele - oos, wes, noord, suid - **na die vier windstreke van die hemel**, verdeel het. Interessant genoeg, die uitslag van die geveg was deur 'n groot trop oorlogopgeleide olifante bepaal.

Hierna het die **klein horinkie** op die toneel verskyn en groot mag verkry. Hy het toe God se volk begin vervolg en homself teen God verhoog.

**En uit een van dié het 'n horing, eers klein, uitgekome, maar dit het baie groot geword na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe.**

**En dit het groot geword tot by die leër van die hemel en het sommige van die leër, naamlik van die sterre, op die aarde laat val en hulle vertrap.**

**Selfs tot by die Vors van die leër het dit groot geword, sodat die voortdurende offer Hom ontnem en sy heilige woning neergewerp is. - Daniël 8:9-11.**

Aan die profeet Daniël was gesê dat hierdie gesig (visioen) van Daniël 8 sien op die bepaalde tyd van die einde (vs. 19). So, omdat ons nou in die tyd van die einde leef, is dit iets wat ons moet verstaan.

### ***DIE 2300 DAE NIE VERDUIDELIK NIE***

Wanneer Hoofstuk 8 eindig, is al die profesieë daarin vervat aan Daniël deur die engel Gabriël verduidelik, behalwe vers 14:

**En hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.**

Die engel het 'n paar weke later teruggekeer en die ontbrekende inligting verskaf. Maar eers het Daniël die Ou Testamentiese geskrifte bestudeer en ernstig om leiding gebied: **In die eerste jaar van sy regering het ek, Daniël, in die boeke gemerk dat die getal jare waaroor die Woord van die Here tot die profeet Jeremia gekom het met betrekking tot die puinhoop van Jerusalem, sewentig volle jare was.**

**En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas, en roukleed en as, my aan gebed en smeking te wy. - Daniël 9:2-3.**

Daniël se gebed is in verse 4 tot 19. Hy was diep bekommerd dat Jerusalem steeds in puin gelê het na Nebukadnésar se verwoesting daarvan bykans 70 jaar vroeër. Nogtans, in sy bestudering, het Daniël twee gedeeltes in die boek van Jeremia gevind dat God Jerusalem na 70 jaar sou herstel!

**En hierdie hele land sal 'n puinhoop, 'n woesteny word; en hierdie nasies sal die koning van Babel sewentig jaar lank dien. - Jeremia 25:11.**

**Want so sê die Here: As eers sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek op julle ag gee en aan julle my goeie woord vervul om julle na hierdie plek terug te bring.**

Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid en Ek sal na julle luister.

En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die Here. - Jeremia 29:10-14.

God het hulp belowe - wanneer hulle tot Hom bid. En nou het Daniël presies dit gedoen! Maar Daniël was ook omtrent die heiligdom bekommerd wat herbou moes word.

Hoor dan nou, onse God, na die gebed van u kneg en na sy smeking en laat ter wille van die Here U aangesig skyn oor U heiligdom wat woes lê. - Daniël 9:17.

Alhoewel, Daniël 8:14 was nog nie aan Daniël verduidelik nie: **Tweeduisend driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.**

Kon dit wees, het Daniël gewonder, dat 2300 jaar moet verloop voor die heiligdom in Jerusalem herbou sou wees? Daniël was diep bekommerd.

*Terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek, uitgeput van vermoënis, 'n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer. En hy het my onderrig en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het ek heengegaan om jou insig te gee.*

*By die begin van jou smeking het 'n woord uitgegaan en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is 'n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig. - Daniël 9:21,23.*

(Dit is interessant dat Gabriël aan die begin van Daniël se gebed, soos in Daniël 9 opgeteken, gestuur was om hom te help. Hieraan weet ons dat die

engel se reis van die hemel minder as 'n paar minute was! Engele, omdat hulle geestelike wesens is, is in staat om dinge te doen wat mense nie nou kan doen nie.)

Gabriël het vir hom gesê **verstaan die gesig**. Dit kon slegs daardie gedeelte van die gesig van Daniël 8, wat slegs 'n paar weke vantevore aan hom gegee was en wat nog nie verduidelik was nie, wees - dit was die tydprofesie omtrent die Heiligdom in Daniël 8:14, wat Daniël **laat skrik het**.

Terwyl ons kyk wat Gabriël aan Daniël verduidelik het, moet ons in gedagte hou dat, in Bybelprofesie, 'n dag vir 'n jaar staan; dus is 2300 dae in werklikheid 2300 jaar.

**Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregthede dra, veertig jaar lank en my teëstand gewaar word.** - Numeri 14:34.

**En as jy met hierdie dae klaar is, moet jy ..... die ongeregtheid van die huis van Juda dra, veertig dae lank: vir elke jaar lê ek jou een dag op.** - Esegël 4:6.

### ***DIE SEWENTIG WEKE***

Gabriël se heel eerste woorde toon duidelik dat hy die profesie van Daniël 8:14 gaan verduidelik:

**Sewentig sewetalle** is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is te salf. - Daniël 9:24.

Hoeveel dae sou sewentig weke wees? Volgens die profetiese-dag-gelykstaande-aan-'n-letterlike jaar beginsel, sou dit  $7 \times 70 = 490$  profetiese dae of letterlike jare wees. Die Hebreeus van bostaande frase, "oor .... bepaal", beteken "afsnyn vir". Die 490 jaar is afgesny van die eerste deel van die totale 2300 jaar - vir die Joodse volk. Dit sou hulle laaste geleentheid, as 'n nasie, wees om berou te toon en na God terug te keer.



Gedurende hierdie 490 jaar sou die Joodse oortreding of sonde die limiet bereik in die vermoording van God se Seun en die vervolging van Sy volginge daarna.

In die laaste gedeelte van hierdie tydperk, sou Christus die sonde offer beëindig en versoening vir die ongeregtigheid doen. Hy sou Sy ewigdurende geregtigheid na die mense bring. Die gesig moes verseël word.

As ons die datum vir die begin van die 70 weke (490 jaar) kan vind, sal ons ook die datum vir die begin van die 2300 jaar hê, waarvan die 490 jaar die eerste deel is. Vers 25 sê vir ons hoe om die begin datum te vind:

**Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. - Daniël 9:25.**

Volg hierdie noukeurig: 7 weke + 62 weke = 69 weke of 483 profetiese dae of letterlike jare. So die eerste deel van die 490 jaar was 483 jaar en die laaste gedeelte sou 7 jaar wees. Hierdie 483 jaar sou begin **van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou** (vers 25).

Hierdie 483 jaar sou tot 'n **Gesalfde, 'n Vors** strek. Wanneer ons die geskiedenis nagaan, vind ons presies wat die Bybel gesê het sou gebeur - en wat inderdaad daardie jaar gebeur het! In 457v.C. was die bevel uitgereik om Jerusalem te herstel en op te bou. Die Babiloniërs het dit verwoes en die Mede en Perse het gehelp om dit te herstel. Die projek het drie vorstelike dekrete benodig:

**En hulle het gebou en voltooi op bevel van die God van Israel en op bevel van Kores en Darius en Artasásta, koning van Persië. - Esra 6:14.**

Dit was God se bevel wat saak gemaak het en dit het die bevel of opdragte van drie konings geneem voordat God dit as een bevel gereken het en so is dit in die Skrifte opgeteken. Die finale bevel was in die sewende jaar van

Artasásta gegee. **Vir ewig, o Here, staan U woord vas in die hemele.** - Psalm 119:89.

Dit is nodig dat iets hier opgeklar word: In die uitreken van datums van v.C., is dit nodig om die feit in aanmerking te neem dat daar nie 'n "0" jaar tussen 1v.C. en 1n.C. is nie. In plaas daarvan het ons 2v.C., 1v.C., 1n.C., 2n.C., ens. Om hierdie rede, byvoorbeeld, in die uitrekening waar die 490 jaar eindig, wanneer 490 van 457v.C. afgetrek word, moet ons 'n ekstra jaar bytel as gevolg van die vermiste jaar tussen v.C. en n.C. Daarom, 490 jaar van 457v.C. bring ons by 34n.C. en nie 33n.C. nie. Ons kan nie bytel of aftrek op die wyse wat ons wil, soos by die 0° op 'n termometer, nie.

### ***DIE LAASTE WEEK VAN DIE SEWENTIG***

Daar bly slegs een van die sewentig weke oor. Daardie laaste profetiese week van sewe letterlike jare begin in 27n.C. en strek tot 34n.C. Omdat hierdie finale week uiters belangrik is, splits God dit van die sewentig weke, sodat ons spesiale aandag daaraan kan gee. Christus was gedoop en het Sy bediening van 3  $\frac{1}{2}$  jaar in die herfs van 27n.C. begin. Hy was in die lente van 31n.C. gekruisig en toe het iets spesiaals in die herfs van 34n.C. gebeur.

Daniël 9:26 verduidelik wat in die middel van hierdie finale week gebeur het: **En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Homself.** - Daniël 9:26.

Christus was **uitgeroei**. Hy het op Golgóta op Paasfees gesterf, gedurende die uur van die aandoffer, om die mensdom te red! Die presiese jaar wanneer Hy sou sterf, was in die Bybel in hierdie vers voorspel - honderde jare vroeër! Christus het nie vir Homself gesterf nie; Hy het *vir jou en my gesterf!* Hy het gesterf om die hele wêreld te red, al sou, tragies, die groot meerderheid dit weier.

Gaan weer eens na Golgóta - aanskou die Seun van God wat sterf aan 'n gebroke hart vir jou persoonlike sondes. Gee Hom opnuut jou lewe; gee Hom alles wat jy het en is. Lewe slegs vir Hom! Besluit dat, deur Sy vergewende,

in staat stellende genade, jy Sy geskrewe Woord sal gehoorsaam en 'n skoon, godvresende lewe sal leef.

Die oomblik toe Christus, die Lam van God, die antitypiese offer waarna al die seremoniële wette heenwys, op Golgóta sterf - eindig die seremoniële wette. Dit was aan die kruis gespyker, terwyl God se wet, die Tien Gebooie, vir ewig as die morele standaard waarvolgens die mensdom moes leef, verdedig of gehandhaaf was.

**En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou. - Daniël 9:27.**

**En die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uit gedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael. - Kolossense 2:14.**

Op dieselfde oomblik van Christus se dood het 'n Goddelike hand na benede gestrek en die Voorhangsel van die tempel van bo tot onder in twee geskeur om aan te toon dat die dienste in die aardse heiligdom vir ewig beëindig is, sover as dit God betref.

**Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee. En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur. - Mattheüs 27:50,51.**

Maar, na Christus se dood, bly daar 3  $\frac{1}{2}$  jaar van die 490 jaar oor. Hierdie oorblywende tydperk was aan die Joodse volk toegewys of toegeken. Sou hulle na God terugkeer en Hom aanvaar?

**En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit. - Daniël 9:27.**

Gedurende daardie tyd was Stefanus deur die Jode gestenig en die groot vervolging van die Christene het begin (Handelinge 7:59 - 8:1). Jammer genoeg, toe die groot meerderheid weier, - in 34n.C., aan die einde van die 70 weke, het die Joodse volk nie langer deel van God se spesiale volk gevorm

nie. Maar, natuurlik, indien berouvol, kon individue daarna steeds gered word, net soos enigiemand anders kan.

Dit verduidelik wat die apostel Paulus gesê het: **Maar Paulus en Bárnabas het vryuit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie - kyk, ons wend ons tot die heidene.** - Handeling 13:46.

Dit is 'n belangwekkende feit dat Daniël 9:24-27 die datum voorsien wanneer Jesus Christus, die komende Messias, na die aarde sal kom. Jammer genoeg, Joodse ampsbekleërs, van Christus se tyd tot vandag, sê dat die Messias nog nie gekom het nie. Maar, ten einde dit te doen, moet hulle hul mense verhoed om die negende hoofstuk van Daniël te bestudeer! Hier is hulle amptelike verklaring wat die bestudering van daardie hoofstuk verbied!

"Mag die bene van die hande en bene van die vingers verrot en ontbind van hom wat die blaai van die boek Daniël omblaai, om die tyd van Daniël 9:24-27 uit te vind en mag sy nagedagtenis vir ewig van die aardbodem verdwyn." - *Talmudic Law*, p. 978, Section 2, Line 28.

### ***DIE OORBLYWENDE 1810 JAAR***

Die 70 weke, of 490 jaar, was deel van die 2300 jaar. Omdat die 490 jaar strek tot 34n.C., - sou die oorblywende 1810 jaar tot 1844 strek. Daarna, volgens Daniël 8:14, **sou die heiligdom in sy regte staat herstel word** [the Sanctuary was to be cleansed, NJKV].

Wat was hierdie "heiligdom"? Dit kon nie die aardse Tempel wees nie, want die was in 70n.C. verwoes en was nooit herbou nie. 'n Moslem bedevaartplek (die Moskee van Omar; ook die Rotskoepel genoem) staan nou op die plek waar die antieke Tempel eens op die Tempelberg in oos-Jerusalem gestaan het.

Die jaar 1844 was die datum deur die Bybel vasgestel vir die heiligdom om in sy regte staat herstel [gereinig] te word. Dit het kort na 1798, die einde van die 1260 jaar van pouslike oorheersing, gebeur.

Wat was hierdie "in die regte staat herstel" of reiniging? Is dit aan die oordeel verbonde? Die volgende hoofstuk is baie belangrik.

### *My Verbintenís*

Hemelse Vader, help my om dag na dag op so 'n wyse te leef dat ek voorbereid sal wees om, watter take en geleenthede ek het, van hierdie groot waarhede te getuig. Ons lewe werklik in die sluitingsure van die aarde se geskiedenis. Ek vra dit in Jesus se Naam. Amen.

\*\*\*\*\*

### *Die Twee Heiligdomme (Die krag van Christus se versoening)*

Ons gaan vervolgens leer presies waar Jesus nou is en wat Hy doen om ons te help, dag na dag, om vir die hemel voor te berei. Die Heiligdom Waarheid is 'n kosbare skat.

### *God sal 'n Lam voorsien*

**Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.** - Hebreërs 9:22. As Christus nie Sy lewe op Golgóta gegee het nie, kon ons nie gered word nie. Die bloed van Christus is die sleutel tot al die waarhede in die Bybel gegee. Verlossing van sonde is deur bloedofferande. **Die siel van die vlees is in die bloed**, Levitikus 17:11, en die bloed - die ware lewe - van Jesus Christus was uitgestort, sodat jy en ek met die hemel mag saamwerk, sodat ons die ewige lewe kan beërwe. Neem die bloed weg en jy neem verlossing weg. Verwyder die kruis en elke mens sal in sy sonde sterf.

*Die reinigende stroom sien ek, sien ek, ek plons in en o dit reinig my! O prys die Here! Dit reinig my. Dit reinig my, ja, dit reinig my.*

*Die bloed van Christus lê in die hart van die hele Heiligdomdiens. Abel, die tweede seun van Adam, het 'n bloedoffer net buite die hekke van die Tuin van Eden, wat sy ouers geforseer was om te verlaat na hulle gesondig het, geoffer.*

Die bloedlose offer van Kain, sy broer, was verwerp (Genesis 4:3-7). So is dit duidelik dat God noukeurige opdrag gegee het omtrent hierdie offerandes, anders kon Kain se offerande nie regverdiglik verwerp word nie.


Jy sal die storie van Abraham onthou. Hy het vir sy seun Isak gesê: **God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun -** Genesis 22:8. Nadat Abraham 'n spesiale toets geslaag het, was aan hom gesê: **Moenie jou hand na die seun uitsteek nie en doen hom niks nie, want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.**

**En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. -** Genesis 22:12-13.

Maar daar was geen stem wat Christus beskerm het toe Hy Sy lewe vir ons neergelê het nie. Deur die ruie bos van hierdie wêreld binne te gaan, het Hy vrywilliglik vir ons sondes gestorf, sodat ons die ewige lewe kan beërwe.



## *Die Aardse Heiligdom*



Toe Moses Israel uit Egiptiese slawerny gelei het, het God Sy volk iets gegee wat hulle sou help om die komende dood van Christus om die wêreld

vry te koop beter te verstaan: **Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon. Volgens alles wat Ek jou laat sien - die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort - so moet julle dit maak.** - Exodus 25:8-9. Dit moes die sentrum van hulle aanbidding wees. God het belowe om daar te woon. Let op dat die basiese rangskikking moes van 'n spesiale model nageboots word.

Aan die beginjare was hierdie aardse heiligdom draagbaar, sodat dit van plek tot plek in die reise van die Israëliete verskuif kon word. Later het God vir Salomo opdrag gegee om 'n pragtige Tempel in Jerusalem te bou. Nadat dit deur Nebukadnésar verwoes was, was dit herbou - maar later deur die Romeine in 70n.C. verwoes. Die Moslem Moskee van Omar (die Rotskoepel) beset nou die terrein waar die aardse tempel eens bestaan het.

Daar is belangrike waarhede in die heiligdom en ons wil graag daarvan kennis dra. Hier is sy basiese rangskikking:

In die dae van Moses het die heiligdom (ook die tabernakel genoem) bestaan uit 'n reghoekige tent aan die westelike kant van 'n groter **voorhof**.

Reg oorkant die ingang, aan die oostekant, was die brons **brandofferaltaar**, waar die diereoffers geoffer was om die latere offer van Christus vir ons sondes te illustreer.

Naaste aan die ingang was 'n koper **waskom**, waar die priesters hulle hande en voete gewas het voordat hulle die heiligdom binnegegaan het.

(Dit moet vermeld word dat die ingang na God se heiligdom altyd na die ooste gefront het, sodat diegene wat dit binnegaan hulle rûe op die opkomende son kon hê. Die heidene sou na die opkomende son kyk en dit aanbid, maar dit was vir die Here 'n gruwel (kyk Esegïël 8:13-18. Ongelukkig front baie moderne Christenkerke wes, so die aanbidders binne sal oos kyk, terwyl hulle aanbid.)

Die heiligdom self het twee vertrekke gehad. Ook die heilige plek genoem. Die eerste vertrek het drie meubelstukke gehad, elkeen van soliede goud.




Aan die regterkant was die tafel met die **toonbrode**. Aan die linkerkant was die sewearmige goue **kandelaar**. Langs die verdelende voorhangsel, wat die twee vertrekke skei, was die goue **wierookaltaar** met 'n houer van brandende reukwerk bo-op. Agter die voorhangsel was die tweede vertrek, of Allerheiligste plek met die goue **verbondsark** wat God se verbond met Sy volk bevat het: die twee tafels van die Tien Gebooie, deur die vinger van God op klip geskryf en aan Moses gegee. As die fondament van Sy beheer, was dit onder Sy troon geplaas. (Dit word ook die **Ark van die Getuienis** genoem, omdat die twee kliptafels God se spesiale verklaring aan Sy volk bevat.)

Die goue **Versoendeksel**, of genadetroon, het hierdie ark bedek en aan elke kant 'n figuur van soliede goud 'n gerub, wat die twee engele verteenwoordig wat die ark bewaak en daarop afkyk. Dit was die plek van die finale versoening wanneer die dag van Oordeel geëindig het.

Bokant die **Versoendeksel**, of genadetroon, en tussen die twee gérubs was die **heerlikheid van God se teenwoordigheid** binne-in 'n glinsterende wolk.

**En daar sal, Ek met jou saamkom en van die versoendeksel af, tussen die twee gerubs uit wat op die ark van die getuienis is, sal Ek jou alles sê wat Ek jou vir die kinders van Israel sal beveel.** - Exodus 25:22.

## *Die Hemel se Heiligdom*



Hierdie aardse heiligdom (ook die tabernakel genoem) was na die model van die groot oorspronklike, die Heiligdom in die hemel. In God se eerste boodskap om hierdie aardse tabernakel te bou, het Hy drie keer gesê dat dit volgens 'n spesiale model opgerig moes word:

*Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon. Volgens alles wat Ek jou laat sien - die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort - so moet julle dit maak. .... En kyk dat jy dit maak volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die berg getoon is.*  
- Exodus 25:8,9,40.

Aangaande die hemelse Heiligdom, waarvan die aardse 'n model was, sê die apostel Paulus dat Christus ons groot Hoëpriester in daardie Heiligdom is:

*Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dit: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die*

*hemele, 'n Bediener van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie. Want elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring. Daarom moes Hy ook iets hê om te offer. Want as Hy op aarde was, sou Hy selfs geen priester wees nie, omdat daar priesters is wat volgens die wet die gawes offer, hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is. -Heb. 8:1-5.*

Albei die heiligdomme, die een op die aarde en die een in die hemel, het dieselfde meubelstukke gehad. Moses en Paulus beskryf albei wat in die aardse tabernakel was: Die kandelaar, die reukofferaltaar en die tafel met die toonbrode was in die eerste vertrek. (Exodus 25:37,40:26,27; Heb.9:2).

Die verbondsark, die wet van God, die versoendeksel (genadetron), die twee gérubs was in die tweede vertrek (Exodus 25:10-11, 17-19; Deut. 5:22; 10:2,4-5).

Johannes het in Openbaring in 'n gesig (visioen) sommige van die meubelstukke in die hemelse Heiligdom gesien: die sewe goue kandelaars (Openb. 1:12-13), die goue wierookbak (Openb. 8:3-4) en die verbondsark.

Die dienste van die aardse heiligdom (op daardie stadium in die Tempel in Jerusalem verrig) het nie langer enige betekenisinhoud in die oë van God gehad toe Christus op Golgóta gesterf het nie. God het dit te kenne gegee deur die voorhangsel van die heiligdom van bo tot onder op daardie oomblik te skeur.

**Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee. En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder. - Matt. 27:50-51.**

Na Sy opstanding het Christus na die hemel opgevaar en die hemelse Heiligdom binnegegaan. Hy is die Hoëpriester in hierdie hemelse Heiligdom wat nie deur mensehande gemaak is nie:

**Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn. - Heb. 9:24.**

Net soos Israel die oggend- en aandoffer gehou het, so moet ons daaglik skuld-belydenis doen en daaglik opnuut ons lewens aan God toewy en in Sy versoening en genade vertrou. Soos die reukwerk daaglik van die aarde opgestyg het, so moet ons gebede na God opstyg as 'n soete geur van dankbaarheid vir Sy voortdurende barmhartigheid teenoor ons (Openb. 8:3-4). Soos die priester daaglik in geloof agter die voorhangsel na die genadetroon, wat hy nie kon sien nie, ingekyk het, so moet ons in geloof na Jesus kyk, terwyl Hy vir ons in die Heiligdom daarbo intree.

### *Die dag van versoening*

Nou kom ons by 'n baie belangrike onderwerp. Volgens die voorskrifte wat God gegee het, was een spesiale dag in die jaar die "dag van versoening." **Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. - Levitikus 23:27.**

By hierdie spesiale geleentheid was daar deur bloed vir die heiligdom en vir die volk versoening gedoen. Dit is wanneer die reiniging van die heiligdom plaasgevind het. Die heiligdom en die volk was, in beeld, van hulle sondes gereinig.

*So moet hy dan vir die heiligdom versoening doen vanweë die onreinhede van die kinders van Israel en vanweë hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees, so moet hy dit ook doen vir die tent van samekoms wat by hulle te midde van hulle onreinhede woon. .... **Want op hierdie dag moet hy vir julle versoening doen om julle te reinig; van al julle sondes moet julle voor die aangesig van die Here rein word. - Levitikus 16:16,30.***

Wat in die aardse diens gedoen was, in beeld, moet ook in realiteit in die hemelse Heiligdom gedoen word. "Versoening" beteken vrede herstel tussen God en sondaar en die uitwissing van sonde. Hierdie Dag van Versoening was ook in 'n spesiale strekking die dag van oordeel. Dit was God

se laaste oproep, in die jaarlikse siklus, vir Sy volk om berou oor sonde te hê en onder die versoeningsbloed van Jesus te kom.

**Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word.** - Levitikus 23:29.

In die simboliese diens op aarde, dwarsdeur die jaar, het die volk hulle offerandes gebring en hulle sondes bely. Simbolies was die sondes na die tabernakel oorgedra soos die priester iets van die bloed gedra het.

Dan, een keer per jaar, op die Versoendag, was 'n finale geleentheid gegee vir die uitwissing of uitdelging van daardie sondes. Dit was 'n plegtige en gewigtige dag! Dit was, in tipe, die jaarlikse dag van oordeel.

In die antitipesiese (teenbeeld) diens in die hemelse Heiligdom, moet ons na Jesus toe kom; berou hê oor ons sondes; en, deur Sy instaatstellende genade, Hom gehoorsaam. Christus is ons groot Hoëpriester wat in ons belang in die Heiligdom daarbo as bemiddelaar optree. Maar die profesie verklaar met sekerheid dat hierdie finale reiniging ook moet plaasvind.

**Tweeduisend-driehonderd aande en oggende. Dan sal die heiligdom herstel [gereinig] word.** - Daniël 8:14.

### *Wat het in 1844 begin*

Ons het vroeër gesien dat die engel Gabriël 'n spesiale punt daarvan gemaak het om Daniël in te lig wanneer hierdie 2300 profetiese dae, of letterlike jare, sou eindig.

In 1844 moes een of ander heiligdom gereinig word. Dit kon nie die aardse een wees nie, omdat daar nie een na 70n.C. was nie. Sommige het gedink dat dit die planeet aarde, wat deur vuur vernietig sou word, kon wees. Maar dit was 'n fout, want die Bybel het nooit gesê dat ons wêreld 'n heiligdom is nie, maar wys in plaas daarvan duidelik na die bestaan van die hemelse Heiligdom - waar Christus na Sy hemelvaart in 31n.C is. Die aardse heiligdom was 'n

tipe van die hemelse en in 1844 het die tyd aangebreek vir die begin van daardie reiniging. Dit was die begin van die Hemel se oordeel.

God beplan Sy werk versigtig en Hy volbring daardie planne. **Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur.** - Gal. 4:4. Aan die einde van die 483 jaar van Daniël 9, presies soos honderde jare vroeër voorspel, was Jesus gedoop en deur die Heilige Gees gesalf. Dit het in 27n.C. gebeur. Hy was ook op die presiese slag van die profetiese horlosie in 31n.C. gekruisig, op die tyd van die lente Paasfees.

So kan ons weet dat in 1844, toe die werk van die reiniging van die hemelse Heiligdom moes begin, Jesus die tweede vertrek van die hemelse Heiligdom binnegegaan het en daar die finale oordeelswerk begin het.

Die sondes van die volk was, in tipe, dwarsdeur die jaar vanaf die buitehof na die eerste vertrek oorgeplaas; en op die versoendag was daardie sondes verwyder en die volk daarvan gereinig, wanneer bloed tot binne-in die tweede vertrek geneem en daarmee gehandel was.

Sodanig is dit in die hemelse antitipe: Die werklike verslae van sonde word in die hemel opgeteken; en gedurende hierdie spesiale Ondersoekende Oordeel, wat in 1844 begin het, word daardie verslae ondersoek ten einde te sien wie sou gered word en wie sou verlore wees.

Net soos die reiniging van die aardse heiligdom op die jaarlikse dag van versoening die finale dag was om dit met God reg te maak, 'n dag van oordeel, so is die reiniging van die hemelse Heiligdom God se vasgestelde tyd vir die finale oordeel.

**Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel.**  
- Handeling 17:31.

In Paulus se tyd was die oordeel in die toekoms. Dit was **toekomstige oordeel.** - Hand. 24:25. Dit het nie voor die dood of met die dood gekom nie, maar na die dood. **Net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel.** - Heb. 9:27. Slegs diegene wat in die

sluitingsdae van die aarde se geskiedenis leef, sal voor hulle dood geoordeel word.

Dit is die Ondersoekende Oordeel. Die sake van almal wat in die Boek van die Lewe geskryf is, moet beslis wees voor Christus kom, omdat Hy Sy loon saam met Hom bring.

**En kyk, Ek kom gou en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.** - Openb. 22:12.

Dus, diegene wat die lig van die profetiese woord gevolg het, het gesien dat, in plaas daarvan om na die aarde na die verstryking van die 2300 dae in 1844 te kom, het Christus toe die Allerheiligste Plek van die hemelse Heiligdom binnegegaan om die sluitingswerk van versoening te verrig ter voorbereiding van Sy wederkoms. - *The Great Controversy*, 421-422.

Dit alles was gesimboliseer, in beeld, in die verteenwoordigende diens in die aardse heiligdom:

**En dit moet vir julle 'n ewige insetting wees om vir die kinders van Israel weens al hulle sondes een maal in die jaar versoening te doen.** - Levitikus 16:34.

*Ek lê my sondes op Jesus, die vleklose Lam van God: Hy dra hulle almal en bevry my van die vervloekte vrag. Ek bring my skuldels na Jesus, om die bloedrooi vlekke in Sy kosbaarste bloed wit te was totdat daar geen vlek oor is nie.*

Wat kan belangriker wees vir ons, wat in hierdie dae leef, as die Ondersoekende Oordeel?

### **MY TOEWYDING**

*Vader in die hemel, help my in my gebede en daaglikse getuienis om deur geloof na Jesus in die Heiligdom daarbo te kom. Dit is so wonderlik om te weet waar Hy is en wat Hy op die oomblik doen! Ek dank U vir hierdie wonderlike waarheid. Ek vra dit in Jesus se Naam. Amen.*

\*\*\*\*\*

## *DIE ONDERSOEKENDE OORDEEL*

### *DIE REINIGING VAN DIE HEILIGDOM 'N SPESIALE OORDEEL*

*In die hemel is daar verskillende boeke. Een is die Boek van die Lewe. Jy en ek begeer dat ons name in daardie boek ingeskryf is. Ons wil deur die bloed van Christus beskerm en beskut wees wanneer ons name in die Ondersoekende Oordeel verskyn.*

**Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel.**  
- Hand. 17:31.

**Ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.** - 2 Kor. 5:10.

Wanneer Jesus Christus vir die tweede keer na die aarde kom, sal Hy Sy loon saam met Hom bring om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. - (Openb. 22:12). Omdat dit waar is, is dit onteenseglik duidelik dat 'n werk van oordeel moet plaasvind voordat Christus terugkeer om daardie belonings te gee.

Ons het vroeër geleer toe ons die klein horing van Daniël 7 ondersoek het, dat na die 1260 jaar van pouslike kerkoorheersing van 538 tot 1798n.C. die gereg sou sit (vers 10). Ons het uitgevind dat 1844n.C. is die Bybelse datum vir die begin van daardie werk. Toe het die reiniging van die tempel begin toe daar begin is om die verslae van sondige mense te ondersoek. Ons kan verwag dat Adam se naam eerste sou wees en uiteindelik sal die laaste naam bereik word.

Hierdie werk het in Paulus se tyd nog in die toekoms gelê, want **hy spreek .... en die toekomstige oordeel.** - Hand. 24:25. Ons het gesien dat presies



soos die datums van Christus se doop en dood presies voorspel was, so het God die ewigheid se horlosie gestel om op die presiese uur te slaan vir die Ondersoekende Oordeel om te begin.

Hoe lyk hierdie toneel waar die oordeel in die hemel plaasvind? Die heerlikheid en ontsag en prag moet waarlik ontsaglik wees. Ons kry 'n beeld van die openingsdag in hierdie woorde:

*Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleeed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur;*

*'n Stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit en die boeke is geopen.*

*Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens en Hy het gekom tot by die Oue van dae en hulle het Hom nader gebring voor Hom. - Daniël 7:9,10,13.*

**Eerste, Ek het bly kyk totdat trone reggesit is.** Sitplekke was in verskeie plekke in posisie voor die troon van God geplaas.

**Tweede, God is die voorsittende regter, want die Oue van dae het gaan sit.** Vers 9 toon dat Hy God die Vader is.

**Derde, Ons word 'n glimps van die absolute majesteit van God Homself gegee.**

*Sy kleeed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan. - Daniël 7:9,10.*

**Vierde, Die wiskundige berekening van vers 10 dui daarop dat miljoene der miljoene engele teenwoordig is.**

Vyfde, Christus kom met die wolke van die hemel .... en Hy het gekom tot by die Oue van dae en hulle het Hom nader gebring voor Hom (vers 13). Hoe baie dankbaar is ons ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. - 1 Joh. 2:1.

*Wat 'n gesig gee dit alles vir ons van die opening van die Ondersoekende Oordeel in die Heiligdom in die hemel!*

Jesus is ons Skepper, ons Verlosser en ons Intersessor voor die regbank van God. God wat alles geskape het deur Jesus Christus (Efes. 3:9), God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus (2 Kor. 5:18), en Hy sal die wêreld deur Jesus Christus oordeel (Hand. 17:31).

"Die priesters en owerstes [tydens die verhoor van Christus] het hulle as regters verhef om die werk van Christus te veroordeel, maar Hy het Hom nou hul regter en die regter van die hele wêreld verklaar. Die wêreld is aan Christus toevertrou en deur Hom het elke seën van God die verlore mensdom toegeval. Hy was voor en na Sy vleeswording die Verlosser, sodra daar sonde was, was daar 'n Verlosser. Hy het aan almal lig en lewe gegee en na gelang van die mate van lig wat gegee is, sal elkeen geoordeel word. En Hy wat die lig gegee het, Hy wat die siel met die teerste smeking agtervolg en probeer het om dit van sonde na heiligheid oor te haal, is tegelyk sy advokaat en sy regter. Vandat die groot stryd in die hemel aangeknoop is, het die Satan sy saak deur middel van bedrog gehandhaaf; Christus was besig om sy bedrog te ontmasker en sy mag te breek. Dit is Hy, wat die verleier die hoof gebied en deur die eeue heen probeer het om die gevangenes uit sy greep te verlos, wat die oordeel oor elke siel sal vel." - *Desire of Ages*, p. 210.

Terwyl genadetyd voortduur, is Christus gewillig om ons saak in die hof te verdedig en te wen. Maar slegs as, in nederigheid van hart en eenvoudige, kinderlike onderwerping en gehoorsaamheid, ons Hom ons sonde laat verwyder en ons harte reinig.

*Die Verslagboeke*

Die verslagboeke in die hemel waarin die name en die dade van mense opgeteken is, is om die vonnis van die oordeel te bepaal. Aan die begin van hierdie oordeel, **Die gereg het gaan sit en die boeke is geopen.** - Daniël 7:10.

Een van hierdie boeke is die *Boek van die Lewe*, 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. - Openb. 20:12.

*Ons moet seker maak dat ons name in die Boek van die Lewe behou word.* Daniël, wanneer hy vooruikyk na 'n tyd van benoudheid soos daar nie gewees het, verklaar dat God se volk sal gered word, **elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.** - Daniël 12:1.

Johannes het in Openbaring geskryf dat slegs diegene, wie se name geskrywe is **in die boek van die lewe van die Lam** (Openb. 21:27), die stad van God sal binnegaan.

Dan is daar 'n **Gedenkboek**, voor God se aangesig geskrywe, waarin die goeie dade van mense opgeskrywe is **wat die Here vrees en sy Naam eer.** - Maleági 3:16. Hulle woorde van geloof, hulle dade van liefde is in die hemel opgeteken. Elke daad van hartlike en opregte goedheid en vriendelikheid aan andere, sal in hierdie boek van God se herinnering gevind word. Daarin is elke versoeking weerstaan, elke sonde oorwin, elke woord van tere medelye, simpatie en ontferming wat gesê is, getrou bewaar. En elke daad van opoffering, elke lyding en hartseer vir Christus se saak is opgeteken.

**U het my omswerwinge getel; hou my tranen in u kruik; is hulle nie in u boek nie.** - Psalm 56:9.

Daar is ook 'n boek waarin die sondes van mense opgeteken is: *Die Boek van Sonde*. Die mees geheime planne en dade van mense is in hierdie boeke.

*God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad.* - Pred. 12:14.

*Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word en uit jou woorde sal jy veroordeel word. - Matt. 12:36-37.*

*Die Here .....sal die verborge dinge van die duisternis in die lig bring en die bedoelinge van die hart openbaar maak. -1 Kor. 4:5.*

*Kyk, dit staan voor my aangesig geskrywe ..... julle ongeregthede en die ongeregthede van julle vaders tesame, sê die Here. - Jesaja 65:6-7.*

*Dit is alles daar - in die boeke van die hemel. En die boeke word in die Oordeel oopgemaak.*

### *Die standaard van die Oordeel*

Die standaard van die Oordeel is die Wet van God. Dit is die Wetboek van die vergaderde geregshof. Dit is wat ons sou verwag, want dit is die groot morele standaard wat God gegee het waarvolgens ons moet leef.

*Dien God en gehoorsaam sy gebooië. Dit is wat van die mens gevra word. God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of sleg. - Pred. 12:13,14.*

*Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. - Jak. 2:12.*

Diegene wat in die oordeel **waardig geag word** (Luk. 20:35), sal deel hê in die opstanding van die geregverdiges. Jesus het bygevoeg dat, as deel van hulle beloning, **want hulle is soos die engele en is kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is** (vers 36).

Die regverdige oorledenes sal nie opgewek word tot na die oordeel waar hulle waardig geag was **tot die opstanding van die lewe nie** (Joh. 5:29). Daarom sal hulle nie lewend wees teen die tyd van die oordeel wanneer hulle verslae ondersoek en hulle sake beslis word nie.

Hoe dankbaar kan ons wees dat Jesus hulle advokaat sal wees om ten bate van hulle voor God te pleit.

*As iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.* - 1 Joh. 2:1.

*Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn.* - Heb. 7:25.

In die Ondersoekende Oordeel het God Jesus Christus voorsien as die advokaat vir almal wat wil, in hierdie lewe, Hom aanvaar en hulle lewens aan Sy beheer onderwerp.

### *Hierdie Hoofstuk Opsommend*

Hier is 'n uitstekende opsomming van hierdie oordeel en hoe ons, vandag, daarvoor moet voorberei:

"Almal wat waarlik bekeerd is van hulle sondes en wat deur geloof die bloed van Christus aangeneem het as hulle versoening, teenoor hulle name in die hemelse boeke staan "vergewe" geskryf; en omdat hulle deelgenote geword het van die geregtigheid van Christus en hulle karakters in ooreenstemming is met die wet van God, sal hulle sondes uitgedelg word en hulle sal die ewige lewe waardig geag word. By monde van die profeet Jesaja sê die Here, **Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil en aan jou sondes dink Ek nie.** - Jes. 43:25. Jesus het gesê, **Wie oorwin, sal beklee word met wit klere en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele.** - Openb. 3:5. **Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor**

**die mense, hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemele is.**  
- Matt. 10:32,33.

Jesus verskoon nie hulle sondes nie, maar Hy wys op hulle boetvaardigheid en geloof; en waar Hy vra dat hulle vergewe moet word, wys Hy Sy verwonde hande aan die Vader en die heilige engele en Hy sê, Ek ken hulle by naam. Hulle is op My handpalms gegraveer. **Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God nie verag nie!** (Ps. 51:19). En aan die beskuldiger van Sy volk sê hy, **Mag die Here jou bestraf, o Satan! Ja, mag die Here, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n stuk brandhout wat uit die vuur geruk is nie?** - Sag. 3:2. Christus sal Sy getroue kinders met Sy eie geregtigheid beklee, sodat Hy hulle aan Sy Vader kan voorstel, **Verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergelyks.** - Efes. 5:27. Hulle name staan in die Boek van die Lewe en van hulle staan daar geskryf, **hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit werd is.** - Openb. 3:4.

Op hierdie manier sal die volkome vervulling van die Nuwe Verbond verwesenlik word: *Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie. In die dae en in die tyd, spreek die Here, sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie; en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie.* - Jer. 31: 34; 50:20. *In die dag sal die Spruit van die Here wees tot sieraad en heerlikheid en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem.* - Jes. 4:2,3.

Sondes wat nie bely, versak, vergewe en uit die boeke uitgedelg is nie, sal teen die sondaar getuig in die dag van God. Hy mag sy bese dade gepleeg het in die helder daglig of in die duisternis van die nag; maar vir die oë van Hom met wie ons te doen het, is hulle oop en bloot. Engele van God was getuie van elke sonde en het dit opgeskryf in die noukeurige boeke. Diegene wat graag wil deel in die Heiland se Middelaarskap moet niks toelaat om hulle te verhinder in hulle werk om heiligheid in die vrees van God te volmaak nie. In stede van die kostelike ure te bestee aan plesier, vertoon,

of die najaging van gewin, behoort dit gewy te word aan 'n ernstige, biddende ondersoek van die Woord van Waarheid. Die Heiligdom en die Ondersoekende Oordeel, is onderwerpe wat duidelik verstaan moet word deur die volk van God. Almal behoort vir hulself 'n kennis te hê van die plek en die werk van hulle groot Hoëpriester. As dit nie die geval is nie, sou dit vir hulle onmoontlik wees om die geloof te hê wat so nodig is in hierdie tyd, of om die plek te vul wat God vir hulle bestem het. Elke persoon het 'n siel om te red of te verloor. Elke persoon het 'n saak hangende voor die regbank van God. Elkeen sal die groot Regter van aangesig tot aangesig moet ontmoet. Hoe belangrik is dit dus dat elke persoon sal dink oor die plechtige toneel wanneer die gereg sal sit en die boeke geopen is en wanneer elkeen, saam met Daniël, weer sal opstaan aan die einde van die dae.

Almal wat lig ontvang het op hierdie onderwerpe moet getuig van die groot waarhede wat God aan hulle toevertrou het. Die Heiligdom in die hemel is die middelpunt van Christus se werk ten behoeve van die mens. Dit raak elke siel op die aarde. Dit openbaar die verlossingsplan, dit bring ons tot die einde van die tyd en dit openbaar die oorwinning in die stryd tussen geregtigheid en sonde. Dit is van die allergrootste belang dat almal hierdie onderwerpe deeglik sal ondersoek en in staat sal wees om 'n rede te gee vir die hoop wat in hulle is.

Die toetreding van Christus ten behoeve van die mens in die Heiligdom daarbo, is net so belangrik vir die verlossingsplan as Sy kruisdood was. Deur Sy dood het Hy daardie werk begin wat Hy na Sy opstanding en hemelvaart steeds in die hemel voortsit. Ons moet deur geloof binnekant die voorhangsel ingaan **waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het**. -Heb. 6:20. Daar word die lig van die kruis van Golgota weerkaats. Daar sal ons 'n duideliker insig kry in die verborgenheid van die verlossing. Die verlossing van die mens is teen 'n ontsettende prys verkry; die opoffering wat gemaak is, voldoen aan die grootste eise van die gebroke wet van God.

Jesus het die weg geopen tot Sy Vader se troon en deur Sy intreding word die begeertes van almal, wat in geloof tot Hom kom, aan God voorgestel." *Great Controversy*, pp. 483-486.

Die Ondersoekende Oordeel sal later deur die Uitvoerende Oordeel gevolg word, wanneer die goddeloses finaal vernietig sal word. Teen daardie tyd sal dit te laat wees om by Jesus te pleit om ons in daardie oordeelsuur te verdedig. Op die oomblik is Christus ons Advokaat - ons prokureur by die regbank van God. Hy is gewillig om ons saak te verdedig, maar die tyd is nie ver weg vir elkeen van ons wanneer die Ondersoekende Oordeel sal eindig. Die mens se genadedeur sal vir ewig sluit en die goddeloses sal niemand hê om hulle saak te verdedig nie. Christus sal dan die regter wees om die vonnis of oordeel teen hulle uit te voer. Dit is nou wanneer ons na Hom moet kom en om Sy hulp pleit, terwyl daar nog tyd is.

*Jesus bied ons nou kwyt skelding. Wil ons nie nou na Hom toe kom en laat Hy ons sondes wegneem en ons in staat stel om Sy nederige, gehoorsame kinders te word nie - voor dit te laat is vir ons om daardie vergifnis en 'n verandering van lewe te ontvang?*

### *Iets spesiaals omtrent die Oordeel*

Dit is goed dat ons nou die hele oordeelswerk van God opsom. Hier volg 'n kort oorsig van al drie die oordele:

Christus se dood aan die kruis verdedig Sy Vader se wet en het dit vir elkeen moontlik gemaak om daarmee in harmonie gebring te word en verlos te wees. Maar elkeen moet geoordeel word voordat sonde en sondaars finaal vernietig word.

**Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel.**  
- Hand. 17:31.

*Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. - 2 Kor. 5:10.*



Hierdie werk was in Paulus se tyd nog toekomstig, **toe hy spreek oor..... die toekomstige oordeel.** - Hand. 24:25.

**Die eerste oordeel is die Onderzoekende Oordeel.** Ons het al die aspekte hieroor bespreek, behalwe dat geen melding gemaak is van die feit dat **die ondersoek deur hierdie geregshof slegs aandag gee aan die name van diegene wat, een of ander tyd terwyl hulle geleef het, geloof in God bely het.** Hulle name was in die Boek van die Lewe in die hemel opgeteken. Gedurende hierdie ondersoek word name in die Boek van die Lewe behou of name word verwyder.

As hierdie ondersoek openbaar dat, deur hulle besluite en daade, sommige nie werklik (opregte) kinders van God was, in Hom vertrou het, en meer soos Hy geword het soos hulle lewens in gelykvormigheid aan Sy Morele Wet gebring was nie, - was hulle name uit die Boek van die Lewe verwyder en in die Boek van die Dood opgeteken.

*Wanneer hierdie oordeel eindig, is die besluit rakende wie die ewige lewe sal beërwe vir ewig beslis, afgehandel.* Christus keer dan weldra vir Sy volk terug. Hier volg die opsomming hiervan: In die verteenwoordigende diens [die aardse heiligdom] het alleen diegene deel gehad wat hulle sondes bely het en wie se sondes, deur die bloed van die sondoffer, in die Heiligdom ingeneem is. So ook sal daar op daardie groot dag van uiteindelijke versoening en die onderzoekende oordeel, net die sake van God se volk in aanmerking kom. Die oordeel van die goddelose is heeltemal 'n afsonderlike werk en dit vind later plaas. **Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is.** - 1 Petrus 4:17.

**Die tweede oordeel is die Vonnisvellende Oordeel.** Dit gebeur na Christus se Tweede Koms, wanneer Hy Sy getroues na die hemel toe neem. Dit is gedurende daardie tyd dat hulle die sake van al die goddeloses beoordeel. Die doel hiervan is tweeledig:

Eerste, dit is nodig om te bepaal hoeveel straf in die poel van vuur elke goddelose persoon en engel (insluitende Satan) in die finale vonnis vir sonde sal ontvang. So God het besluit dat die verlostes hierdie werk van die vonnisopleggende oordeel sal uitvoer.

*Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. - Openb. 20:6.*

*En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. - Openb. 20:5.*

*Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie? - 1 Kor. 6:2-3.*

*En ek het [gedurende die millennium] trone gesien en hulle het daarop gaan sit en aan hulle is die oordeel gegee. - Openb. 20:4.*

Tweede, deur die verslae [vonnisse] te ondersoek, sal al die verlostes die geleentheid hê om presies te verstaan hoekom die goddeloses verlore is. As hierdie ondersoek nie gemaak was nie, mag 'n vraag in sommiges se gemoed vir ewig bly hoekom sekeres, wat so 'n sterk belydenis van godvresendheid gemaak het, nie gered was nie.

**Die derde oordeel is die Uitvoerende Oordeel.** Dit gebeur aan die einde van die millennium wanneer die "oordeel gevel" uitgevoer, of voltrek word, en die goddeloses 'n kort rukkie in die vuurpoel ly voordat hulle vir ewig uitgewis word.

*En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. - Openb. 20:5.*

Satan het niks om te doen vir duisend jaar lank nie, behalwe om ongeduldig te wag vir die goddeloses om opgewek te word. Dan, wanneer dit gebeur en

hulle weer lewend is, beplan hy saam met hulle om God se getroues in die Heilige Stad aan te val en te verwoes!

*En hy sal uitgaan om die nasies ..... te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. - Openb. 20:8,9.*

Hierdie aanval, deur al die goddeloses, om goeie mense te vermoor - is die finale bewys aan die heelal dat die goddeloses verdien om gestraf te word en dan volkome vir ewig verwoes te word! Hulle bose teenwoordigheid mag nie langer op enige plek in die heelal bestaan nie.

Sodra die goddeloses die stad omsingel, vind die finale oordeel plaas. In die volgende Skrifgedeelte, let op, addisioneel tot ander verslagboeke, is die Boek van die Lewe geopen om te sien of die name van enige van die goddeloses daarin is. Omdat hulle nie daar is nie, is hulle tot verwoesting verdoem. Hulle goddelose dade veroordeel hulle. Dit sal duidelik gesien word dat daar geen fout in God se barmhartigheid of Christus se offer is nie! Die goddeloses is verdoem deur hulle eie volgehoue weiering om berou te hê en om deur die genade van Christus godvresende lewens te leef.

*En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.*

*En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.*

*En die see het die dode gegee wat daarin was en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. - Openb. 20:11-13.*

Terwyl die goddeloses rondom die Heilige Stad in die teenwoordigheid van God staan, gaan die hele lewe van elkeen deur sy gedagtes en hy besef

hoekom hy verlore is. Op daardie oomblik verstaan selfs die goddeloses, hoekom hulle vernietig moet word.

*Die groot stryd is verby!!* Elkeen in die heelal verstaan die uitslae en van Christus se pogings om die goddeloses te red. Die tyd het vir die goddeloses aangebreek om uitgewis te word.

*En vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind (vers 9).*

*En die duivel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp.... en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was.... En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. Openb. 20:10,13-15.*

Die goddeloses en die duivel en sy engele beërwe nie die ewige lewe nie. In plaas daarvan is hulle lewens geheel en al **in die tweede dood** uitgewis - om nooit meer te bestaan nie. In God se barmhartigheid sal 'n baie groot menigte waarskynlik eerder vinnig sterf.

Die vuur sal dan verdwyn en niks sal daarna van die goddeloses oorbly nie, maar, so te sê, net 'n bietjie "as" op die grond wat vinnig sal verdwyn.

*En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare. - Mal. 4:3.*

Sonde en sondaars sal dan geheel en al weg wees - vir ewig! Die hele heelal sal dan suiwer, skoon en goed vir alle ewigheid wees. *En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie. - Openb. 22:3.*

*Hy [God] maak daar 'n einde aan; die benoudheid sal nie twee maal opkom nie. - Nahum 1:9.*

*En God sal al die trane van hulle oë afvee en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. - Openb. 21:4.*

Hierdie kort opsomming is voorsien om ten volle al die aspekte van God se oordeel van die wêreld helder en duidelik te maak en om Sy karakter te verdedig vir die manier waarop Hy dit gedoen het! Elke aspek van die drievoudige opeenvolging van oordeel is op so 'n manier gedoen dat elkeen in die hemel die sake of kwessies ten volle kan verstaan en verseker weet dat elkeen 'n kans gehad het om die ewige lewe te beërwe en hoekom sommige vir ewig uitgewis sal wees.

Die *Ondersoekende Oordeel*, wanneer voltooi, sal aan die engele en die ongeskonde wêreld openbaar hoekom elkeen van die vrygekooptes verlos is. Die *Vonnis Oordeel* gedurende die millennium sal aan die vrygekooptes, engele en ongeskonde wêreld openbaar hoekom elke sondaar verlore is. Die *Uitvoerende Oordeel* aan die einde van die millennium stel elke goddelose in staat om te verstaan hoekom, deur sy eie keuse, hy verlore is.

### *My Toewyding*

Liewe Vader, hoe ernstig is die gedagte dat ons in die uur van die ondersoekende oordeel leef! O, asseblief help my om my geliefdes en bure omtrent hierdie belangrike waarheid te waarsku, sodat hulle hul lewens kan voorberei om U in vrede te ontmoet. In Jesus se Naam vra ek dit. Amen

\*\*\*\*\*

### *Met Christus in die Heiligdom 'n Reis wat jou sal verander*

*B*innekort sal die nuusblaai, televisie en die eindelose kleinighede van die lewe verby wees. Maar die storie hier voor jou is ewig en jy sal vir ewig daarmee saam lewe as dit nou in jou gedagtes en in jou daaglikse lewe is.

Oral om ons is die kunsmatige, die nagemaakte, die valse en aangeplakte van die mens. Maar wat volg is die realiteit van God se plan vir jou lewe. Kom, gee alles wat jy het daarvoor. Loop saam in die pad van Versoening, want dit is die pad van die Bloed, vir jou siel gestort en aangewend.

Die wekroep is om te kom, maar die noodkreet van die siel is: "Hoe kan ek?" Dit is in die duidelike lesboek van die Heiligdom dat ons leer hoe om te kom. Lees die storie op jou knieë met hartseer en berou. Besef wat jou sondes aan Jesus gedoen het en wat Hy nou vir jou doen. Terwyl jy dit doen, sal die Heilige Gees begin werk om jou na die karakter van God te vorm en nuut te maak.

### *Na die Altaar*

Buitekant die hek, wat na die voorhof van die heiligdom oopmaak, is geestelike dood. Diegene wat verkies om daar te bly het geen hoop op die ewige lewe nie. Hulle is deur hulle welluste en begeertes in 'n gevangenis [tronk] van sonde vasgevang. Daar is miljoene.

Vanwaar ons staan, kan ons nie binne-in die voorhof sien nie. Die wit linie afskorting en hek is effens hoër as die groot Brandofferaltaar aan die ander kant. Nogtans, terwyl ons kyk, sien ons 'n Man bo en oorkant die afskorting en hek verskyn. Hy het die helling opgeklim en staan op die buite loopplek van die altaar. Voor ons oë sien ons 'n **Lam asof Hy geslag is** (Openb. 5:6), - pas geslag - bo die hoë altaar verhoog. Terwyl ons kyk, besef ons dat Hy ter wille van ons daar is; en onder innige en ernstige aanvoeling van ons sondigheid en vuilheid [besoedeling], word ons getrek om binne te gaan (Joh. 3:14-15; 12:32; Jeremia 31:3). Met gebroke harte, toe ons dit sien, hardloop ons deur die hek wat voorsien was (Joh. 10:7;14:6) - **die hek van berou en tot inkeer kom**.

Ons kom voor die groot altaar, wat die ontsaglike offer verteenwoordig, wat dit geveg het om ons tot daar te bring. Ons aanskou Christus, die Lam van God - verdruk, gepla, geteister en deur mense geslaan vir ons (Jes. 53:4,7). Terwyl ons kyk, sien ons nie die helling voor ons wat opwaarts na 'n aardse

altaar lei nie, maar eerder 'n hoë heuwel – die hoë heuwel van Golgóta – en die Man wat na die bopunt deur die skreeuende skare geneem word. Sonder teenstand word Hy aan die kruis vasgespyker. ☐ Ons aanskou Hom – opgelig met kruis en al en in die gat daarvoor voorberei, gesteeek en daar ly Hy die prys van sonde ter wille van ons.

Die waarheid dring tot ons deur: Dit is nie Sy kruis nie. Hy sterf aan 'n ander man se kruis – 'n moordenaar se kruis. Dit is my kruis. **Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.** – Joh. 15:13. Die uitgestrektheid, die diepte van daardie liefde, lê soos 'n groot panorama voor ons; en ons selfgeregtigheid, ons trotsheid van opinie, ons stryd vir die oppergesag verkrummel in ons. Ons aanskou Hom – **die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem** (Johannes 1:29), en ons staan verstom ten aanskoue van die gesig voor ons. Hy het vir my gesterf (1 Petrus 2:24) – ons val op ons knieë en aanbid Hom. *Ons val op ons knieë en neem Hom aan as ons persoonlike Verlosser van sonde* (1 Joh. 3:16). Ons lê ons lewens af en kruisig die eie-ek, met Hom (Kol. 3:3; Gal. 5:24).

Naby die altaar is die waskom wat die wassing tot hervorming en hernuwing verteenwoordig – van regverdigmaking van sonde – aan die kruis volbring (Rom. 6:4; Gal. 2:20; Lukas 9:24). Voordat ons die heiligdom kon binnegaan, was ons in die bloed van Christus gewas.

Hierdie wassing was aanvanklik deur die doop verteenwoordig (Matt. 28:19; Hand. 22:16; Rom. 6:3-5) en daarna, in die instelling van die voetwas (Joh. 13:4-17), wat die Heilige Nagmaal voorafgaan (1 Kor. 11:27-28; Joh. 13:12-18, ens.) – drie instellings uitdruklik deur Jesus Homself aan ons gegee om ons lewenservaring te verryk en te verdiep.

### *Tot Binne-in die Heiligdom*

Hier in die Buitehof van die Heiligdom het ons die Wedergeboorte ervaar. Ons is deur die geloof geregverdig. Nou wandelende in 'n nuwe lewe moet ons voortgaan om Jesus te volg (Rom. 6:2; Joh. 10:27). As ons dit nie doen nie, sal ons na die buitenste duisternis van Satan se heerskappy en mag terugkeer (Matt. 12:43-45). Ons moet Hom daagliks volg na die spesiale

plek waarheen Hy gegaan het (Kol. 3:1). Uit die dood opgestaan, het Jesus na die Heiligdom in die hemel opgevaar. Daar binne-in is die heilige Teenwoordigheid van die Vader. Hoe kan ons, hoe durf ons, ingaan? Dank God, dit is vir ons moontlik gemaak op grond van die gestorte bloed van Christus (Ef. 2:6).

Jesus, ons Hoëpriester, dien ter wille van ons voor die Vader in die Heiligdom, sodat ons, wat in Christus wedergebore is, daagliks met Hom kan wandel en meer en meer opgroei tot Sy volheid (Heb. 2:17-18). Hy dien voor die Vader, sodat Sy Heilige Gees aan ons gegee kan word (Joh. 14:16-18; 15:26). Ook om in elke behoefte te voorsien en om ons te heilig soos ons, deur geloof, voortgaan deur na Hom op te sien en te steun (vertrou) op die verdienste van Sy voorspraak (Heb. 4:14-16). Ons behoefte aan Sy voorspraak en bemiddeling is konstant. Die werk van Christus in die aanwending van die versoeningsbloed in die hemel is net so belangrik as Sy werk om dit aan die kruis te kon voorsien.

### *Binnekant die Heilige Plek*

Nadat ons deur die eerste voorhangsel van die heiligdom gegaan het, staan ons in die eerste vertrek. Aan ons regterkant is die Tafel met die Toonbrode, met twaalf brode daarop. Jesus neem ons by die hand en lei ons daarheen. Die spyse van die wêreld vergaan met die gebruik daarvan (Joh. 6:27). Dit is bedrieglik (Spreekw. 23:2-3) en dit versadig nie (Jes. 55:2), dit is soos leë peule (Luk. 15:16). Maar die brood wat God gee, is voedsaam - ewig voedsaam.

Ons groot gevaar, noudat ons binne-in die Heiligdom is, is om die ellendige en treurige bestaan buite die hek te vergeet en, deur wellus of nalatigheid, na ons vroeëre sondes terugkeer. Die daaglikse beproewinge word as voortdurende herinneringe gegee om na God, deur Sy Woord, vir skulping te vlug - vir lewende brood (Deut. 8:3), die brood uit die hemel (Ps. 105:40), waarmee Hy alleen ons kan voed.



Die Woord van God - die Bybel, God se geïnspireerde Geskrifte - is hierdie brood van die hemel (Jer. 15:16), wat ons ontvang, terwyl ons nederig en biddend Sy Woord bestudeer. Dit is deur die Bybel dat ons van Jesus Christus lees en aan Hom deel het. Hy is die Lewende Woord (Joh. 6:35).

In die aardse heiligdom is hierdie toonbrode elke Sabbat hernuwe. Ons moet elke Sabbat, buiten elke ander keer, aan 'n spesiale kameraadskap met God deel hê.

Elke dag het diegene wat in die heiligdom diens verrig van die toonbrode geëet. Elke môre moet ons ons Bybel in opregtheid en nederigheid van hart open en vir ons daaglikse brood bid (Matt. 6:11) en van môre na môre sal God dit gee. Elke ete sal verskil, maar almal sal feeste wees - gevul met nuwe lesse rakende ons pligte vir daardie dag, nuwe glimpse van God se insigte in die lieflikheid van Christus ons geregtigheid.

Van die toonbrode lei Jesus ons na die goue Reukofferaltaar wat voor die tweede voorhangsel staan. Vanaf die goue wierookbak, wat bo-op rus, styg aanhoudend rook op. Hierdie rokende reukwerk verteenwoordig ons gebede (Ps. 141:1-2; Openb. 5:8) en dit verteenwoordig ook die regverdige verdienste van Jesus wat daarmee moet meng, sodat hulle voor die Vader aanneemlik mag wees (Openb. 8:3-4).

Die teks waarna pas verwys is, toon dat die reukwerk van Jesus se bemiddeling styg op met die gebede van die heiliges, nie in die plek daarvan nie. Gebed is die asem van elke gelowige se siel. Ons moet dit aanhoudend hê. Die reukwerk was elke môre en aand op die altaar geplaas (Ex. 30:7-8) en die vlam vanaf die altaar het aanhoudend gebrand. Ons moet in 'n besondere sin, alleen of met ons gesin, elke oggend en aand in gebed na God gaan.

Van die Goue Altaar lei Jesus ons na die Goue Kandelaar. Dit is 'n lampstaander met sewe arms en elke arm het 'n brandende vlam bo-op. Jesus is die Goue Kandelaar en van Hom vloei die goue olie, wat die Heilige Gees verteenwoordig, na elke individuele gelowige. Wanneer dit deur ons vloei, brand dit met 'n helder vlam en verskaf lig aan almal rondom ons. Ons is deur Jesus gemaak en toegewy om kanale vir die Heilige Gees te wees

waardeur Hy kan vloei. Slegs as ons van ons geloof voor andere getuig kan ons brandende, skynende ligte wees.

### *'n Onophoudelike Belewenis*

Die Buitehof en die Eerste Vertrek verteenwoordig ons Daaglikse Diens - ons daaglikse belewenis in Christus. Elke dag moet hierdie belewenis hernuwe word. Die wandel deur geloof dwarsdeur die dag (2 Kor. 5:17; Jer. 10:23), moet elke môre nuut begin word. En waar begin ons? Ons begin waar ons Hom die eerste keer gevind het - by die hek van verootmoediging, hartseer vir ons aandeel in Golgóta se sielsangs en foltering en 'n diepe sielsberou, - by die altaar van dood aan die eie-ek (Kol. 2:6; 2 Kor. 4:11). Wanneer Paulus van sy eie ervaring praat, sê Hy: **Ek sterf daagliks** - 1 Kor. 15:31. Paulus se ervaring moet ook ons ervaring wees.

Elke môre, in onderdanige ootmoed en droefheid oor wat ons sondes Jesus gekos het, moet die eie-ek sterf en God se planne en Sy heerlikheid moet die belangrikste wees.

Nie een van God se beloftes het nog ooit vir Sy getroue en gehoorsame kinders gefaal nie (1 Kon. 8:56), en nie een sal ooit. Ons moet ten volle oortuig wees dat wat Hy beloop het, in die Skrif, Hy ten volle in staat is om te doen (Rom. 4:21). As die voorwaardes nagekom is (berou, oorgawe, aanvaarding, geloof en gehoorsaamheid), kan die beloftes nie faal nie, want Sy eer en die vervulling van Sy plan om sonde uit ons lewens te verwyder is op die spel (2 Pet. 1:4).

Elke dag moet ons Jesus in die Heiligdom in volg, terwyl ons aan die Brood in Bybelstudie, die Reukwerk in ernstige gebed en die Olie in ons getuienis van ons geloof in Jesus, ons Hoëpriester, deelneem. Dag na dag sal Jesus voor ons uit loop (Joh. 10:3-4). Sy Gees sal aan ons verleen word om elke tree te gee. (Jes. 30:21). Dag na dag sal ons wandel intiemer groei en die ervaring sal verdiep.

*Gaan na waar Jesus nou is*

Binnekant die Buitehof en die Eerste Vertrek, of Heilige Plek, vind die daaglikse diensverrigting plaas. Maar, volgens die Skrif (Dan. 8:14; 9:24-27; Heb. 9:3-7), het Jesus die Tweede Vertrek, of Allerheiligste Plek, in 1844 binnegegaan om die finale reiniging van die Dag van Versoening te doen (Lev. 16). Ons moet nou, onder 'n besondere besef, hierdie vertrek en die ervaring van daardie dag binnegaan.

Agter die voorhangsel is die Allerheiligste Plek. Binnekant is 'n klein kis met soliede goud oorgetrek. Dit word die *Ark van die Verbond* genoem, want binne-in is die basis van God se verbond met die mensdom (Deut. 4:13) - die kliptafels met die Morele Wet daarop gegraveer. Die Morele Wet is die fondament van God se troon en beheer en gesag en die standaard in die oordeel.

Die goue Genadetroon (Versoendeksel) is 'n goue blad wat die bokant van die ark bedek. Bo-op die Genadetroon is die Heerlikheid van God met die Géruks, een aan elke kant (Heb. 9:1-5). Binne-in is die goue kruik met die manna, die staf van Aäron wat gebloei het en die kliptafels - die Tien Geboie - geskryf met die vinger van God. Voor die ark staan Jesus geklee in die wit bemiddelende kled op die Dag van Versoening gedra, met die goue wierookdraer in Sy hand.

Totdat die versoening voltooi is, gaan Jesus voort met Sy bemiddeling en voorspraak ten bate van Sy volk wat Hy voorheen in die eerste vertrek gedoen het. Maar nou, addisioneel, het Hy 'n spesiale, finale ondersoek en reiniging in die tweede begin. Ons moet vandag, deur geloof en ernstige gebed, Jesus in Sy werk in hierdie vertrek in volg.

Die belewenis van die eerste vertrek kan ook binnekant die Allerheiligste gevind word. Die manna is die **hemelbrood** (Ps. 105:40); en, soos die toonbrode, verteenwoordig dit Jesus, die Lewende Brood wat uit die hemel neergedaal het (Joh. 6:49-51) en Sy Woord, die Bybel. Ons moet, in hierdie tyd, verlang, begeer om **van die verborge manna** van die Heiligdom te leef (Openb. 2:17).

Ons gebede en Jesus se aanhoudende bemiddeling en voorspraak word verteenwoordig deur die Reukofferaltaar in die eerste vertrek en die **goue wierookhouer**, met die rokende reukwerk in Jesus se hand, in die tweede vertrek.

Die lampe wat in die eerste vertrek geskyn het en Aäron se staf wat gebloei en vrugte gedra het (Num. 17), binnekant die tweede vertrek, verteenwoordig albei die krag van God se Gees wat in ons werk om die doel van ons bestaan te verwesenlik - om te skyn, om vrugte te dra, om God deur elke woord en daad van ons te verheerlik.

Aldus moet die belewenis van die Heilige Plek in die Allerheiligste Plek in die hemel voortduur waar Christus nou met 'n spesiale oordeelsuurwerk voortgaan.

Ons erkenning - die belydenis van ons sondigheid aan Jesus en ons dankbare aanvaarding van Sy geregtigheid - moet aanhoudend wees. Ons getuienis - die belydenis van ons geloof voor andere en ons vreugdevolle meedeling van die wonderlike nuus van hoe andere ook daardie geregtigheid kan ontvang - moet ook aanhoudend wees.

### *Die Volheid van God se Geregtigheid*

Binne-in die Ark van die Verbond was die basis van die ewige verbond tussen God en die mens - die Tien Gebooie - te vinde. (Deut. 4:13; 5:2-3; Ex. 34:28; Heb.8). Daar is slegs een **Ewige Verbond** tussen God en die mensdom - dit is God se ooreenkoms, as ons ten volle saamwerk om sonde uit ons lewens te verwyder. Israel het hierdie verbond verbreek deur te probeer om die wet uit hulleself te gehoorsaam, eerder as deur die toegerekende geregtigheid van Christus. Hulle het aldus 'n waardelose "ou verbond" belewenis daarvan gemaak. Die fout was by hulle (Heb. 8:8). Aan God se kant is daar slegs een verbond - die ewige verbond van verlossing. Maar die mens het verkeerdelik probeer om daaraan te voldoen - deur hulle eie pogings, inspanning en ywer - geregtigheid - die Ou Verbond-belewenis.

Maar so lank as wat Jesus aanhou om vir ons in die hemelse Heiligdom te bemiddel, kan hierdie verbondsooreenkoms gesluit en in ons lewens vervul word. Dit is gedoen deur die Nuwe Verbondsverhouding tot God, wat *Geregtigheid deur Geloof* in die bloed van Christus genoem word. Die woord "geregtigheid" beteken "reg doen", gehoorsame doen. Geregtigheid beteken in staat stellende gehoorsaamheid, deur die bemagtigende genade van Christus vir alles wat God vereis. Jesus is die Middelaar van hierdie beter verbond, wat op beter beloftes gebaseer is - God se beloftes, nie die mense s'n nie (Ex. 19:5-8; 24:3,7; Heb. 8:1,5-10).

Sonder **My kan julle niks doen nie.** - Joh. 15:5. Moet dit nooit vergeet nie. Dit is slegs soos ons, oomblik na oomblik, aan Jesus, ons Middelaar, vashou (soos die loot aan die wynstok (Joh. 15:5), dat ons die regte ding kan doen. **Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.** - Fil. 4:13. Ons kan op geen ander manier goed doen nie.

Onder die troon van God is die Morele Wet - die maatstaf van alle reg doen en gehoorsaamheid (Rom. 3:19-20; 7:7; Jak. 1:22-25), die basis van Sy verbond met die mens (Heb. 8:6-10) en die standaard van die oordeel (Prediker 12:13-14; Jak. 2:10-12). Uit onself kan ons nie hierdie wet gehoorsaam nie. Maar dit wat ons nie vir onself kon doen nie, kan God vir ons **deur die bloed van die ewige verbond** doen (Heb. 13:20), soos ons ons nederig aan Sy beheer onderwerp. Hy sal Sy wet in elke hart skryf wat gewillig is om tot 'n volle oorgawe getrek te word, aan die voet van die kruis, en gehoorsaam aan elke woord van Hom. Dag na dag, soos ons na ons Middelaar kom, sal Hy dit in ons harte skryf, en deur Sy genade, ons die krag gee om die verkeerde te weerstaan en die Sabbat te vier.

Hoekom moes Jesus aan die kruis sterf? Hy het gesterf om aan die vereistes van die wet te voldoen en om sonde te vernietig. Sommige dink Hy het gesterf om aan die vereistes van sonde te voldoen en om die wet te vernietig, maar dit is nie so nie. Dit is sonde in die sondaar wat streef om die wet te vernietig, want sonde is die aanslag om die wet te vernietig (1 Joh. 3:4). As die wet net die geringste verander kon word, om die mens in sy gevalle toestand tegemoet te kom, dan het Jesus nie nodig gehad om te sterf nie.

Jesus het daarna gestreef om die wet te handhaaf, meer as enigeen wat ooit op die aarde geleef het. Hy het nie gesterf om die wet af te skaf nie, omdat dit nie afgeskaf kan word sonder om die karakter van God Homself te vernietig nie! Die wet sê vir ons soos wat God is en was deur 'n God gemaak wie se morele karakter nie verander nie (Mal. 3:6; Jak. 1:17). Daardie Morele Wet sal ook nooit verander nie, want dit is ewig (Ps. 119:152; Matt. 5:17-19; Pred. 3:14).

Die feit dat Jesus kan doen wat die offer van diere nooit kon doen nie, is treffend uitgebeeld in die beëindiging van die insettinge op Golgóta. Efesiërs 2:15 praat van hierdie insettinge wat aan die kruis afgeskaf is. Sommige dink dit was die Morele Wet! As dit so was, dan sou verdorwenheid, diefstal, meened en afgodediens vandag gesonde Christelike aktiwiteite gewees het. In werklikheid was die insettinge wat tot hulle einde gekom het die offerandewette wat die voorafskadu van Jesus se dood was (Heb. 10:1-5). Die sewentig-weke profesie in Daniël 9:27, het voorspel dat die offerandes sou, in die oë van God, ophou om betekenis met die dood van die Messias te hê.

Ons het gesien dat die Wet die groot standaard in die oordeel is. Dit is so, want dit is die enigste middel waardeur ons sonde kan identifiseer (1 Joh. 3:4; Rom. 3:20). Die wet openbaar sonde en sonde bring skuldigheid en veroordeling (Rom. 3:19) en tree aldus op as 'n geestelike spieël om ons sondige natuur te toon (Jak. 1:22-25) en lei ons na Christus (Gal. 3:24), wat alleen die sonde uit ons lewens kan wegneem.

### *Die Finale Belewens*

Op die Versoendag het die volk by die heiligdom bymekaar gekom en hulle siele ondersoek, terwyl die hoëpriester na die genadetroon ter wille van hulle ingegaan het (Lev. 16:29-31). Soos ons vandag, deur geloof, voor die ingang van die Heiligdom vergader en deur geloof strewe en begeer om Hom in Sy versoeningswerk te volg, so staan Jesus, ons Hoëpriester, vir ons voor die goue troon van genade.

Die verslae van God se volk word ondersoek om te sien wie, deur ernstige berou en algehele aanvaarding van God se voorsiening vir hulle verlossing, besig is om hulself vir die oordeel voor te berei. Binnekort, deur hierdie finale sprenkeling van die bloed, sal die Heiligdom, wat die verslae van sonde bevat, gereinig wees. Dit sal gebeur omdat God se volk, wat verantwoordelik is vir die sonde wat uit die verslagboeke in die hemel gewis is, alreeds op die aarde sonde versaak het (Daniël 8:14; Maleagi 3: 1-3).

Jesus is nou besig om die verslagboeke in die Heiligdom te ondersoek om te bepaal wie sal die finale reiniging ontvang en die onderdane van Sy koninkryk van Heerlikheid vorm. Daarna, na hierdie reiniging, sal Hy Sy hoëpriesterlike klere uittrek en die plegtige en ernstige raadsbesluit aankondig dat die mense se genadedeur gesluit het - en dan sal Hy vir Sy volk terugkeer (Openb. 22:11-12).

Die Bybel toon duidelik dat die Ondersoekende Oordeel (Daniël 7:9-11, 26), Sy Tweede Koms na die aarde vir Sy volk voorafgaan (Dan. 7:13-14, 27) en die Uitvoerende Oordeel op die goddeloses (Judas 14-15). Die Ondersoekende Ondersoek moet, noodwendig, Sy Tweede Koms voorafgaan. **Wanneer Hy elkeen vergeld volgens sy dade** (Matt. 16:27; Openb. 22:12), **en om vonnis wat opgeskrywe is, aan hulle te voltrek.** - Ps. 149:9.

**Ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn.** - 2 Kor. 5:10. Ons moet nou kom en ons sondes vooruit tot die oordeel stuur, voordat dit agter ons name opgeskryf staan. **Party mense sondig so openlik dat hulle sondes hulle vooruitloop na die oordeel toe.** By ander kom die sondes eers later aan die lig. - 1 Tim. 5:24. Ons moet nie tot later wag om hierdie werk te doen nie, want "later" mag dalk nooit kom nie, want daar kan iets gebeur. Ons moet nou ons sondes versaak; ons moet hulle nou vooruit na die oordeel stuur, of indien onbely of nie versaak, op die verslagboeke in daardie groot dag nie, sal hulle ons veroordeel.

Niks is verborge nie - want inderdaad niks kan nie (Psalm 90:8; Lukas 12:2). Alles moet voor Jesus blootgelê word. Vertel vir Hom alles, lê alles voor Hom neer (Ps. 54:1-4). Sê vir Hom dat jy sonde versaak het. Vra Hom om dit weg te neem (Ps. 51:7-17) en jou in staat stellende krag gee om te

gehoorsaam (Ps. 119:9-11). Pleit vir die vergifnis van sonde en krag om 'n oorwinnaar te wees. Pleit vir die finale reiniging van sonde. Christus het wonderlike beloftes wat Hy sal doen vir diegene wat, in Sy krag, sonde weerstaan en oorwinnaars word (Openb. 2:7, 11, 17; 2:26; 3:5, 12, 21; 21:7). Laat ons elkeen van daardie beloftes toeëien.

**Dit is die Here wat aan 'n mens reg laat geskied** (Spreuke 29:26), maar ons besluit wat dit sal wees! Die besluite van die hemel sal deur die besluite van ons harte bepaal word. Die besluite van ons harte sal bepaal word deur dit waarop ons ons harte die ernstigste gesit het. Verstande en gedagtes wat op die wêreld gesentreer is, sal met die wêreld veroordeel word. Versande en gedagtes wat op die Versoening gesentreer is, sal deur die Versoening gereinig word. Dit is nou die uur om te waak en te bid. Ons moet pleit dat, in die oordeel, ons deur Sy geregtigheid bedek mag word (Ps. 35:24).

*Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.* - Heb. 4:15-16.

*Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaar is en wat hoër as die hemele geword het.* - Heb. 7:25-26.

*En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon.... Dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense.* - Openb. 14:3-4.

Kom na jou God, kom nou na jou Hoëpriester, kom nou na jou Regter - kom nou na jou Lam. Kom - nou - na die bloed van die Verbond, die reinigende bloed van Jesus.

*My Toewyding*



Liefdevolle Vader, ek is so dankbaar dat elke deel van die Heiligdom Waarheid na Jesus en die groot plan van verlossing heenwys! Help my om onderdanig en gehoorsaam te wees, dag na dag, sodat hierdie waarhede in my siel geskryf kan word. Ek wil **vir ewig met U in die hemel leef. In Jesus se Naam. Amen.**

**Bronne:**

1. Vance Ferrell: *The Bible Guide. A Fascinating Journey through Bible Truth*, pp. 271-340.
2. Sewendedag Adventiste Glo..... 'n Bybelse uiteensetting van Fundamentele Leërstellings, Hoofstuk 23.

oOo